Die Hervormer

Amptelike mondstuk van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika

Januarie/Februarie 2009
Jaargang 101 Nommer 10

In hierdie uitgawe

- Bl 1 Reënboogmense (Dr Gerhard Lindeque)
  Gryp die toekoms, of verlang na die verlede? (Prof Theuns Dreyer)
- Bl 2 **Van die redakteur, prof Piet Geyser:** Kwyn die Kerk?
- Bl 3 Ons kyk terug... Waarhede van die Prediker (Prof Piet Geyser)
  ...en vorentoe... Nuwe uitdagings (Dr Gerhard Lindeque)
  Tot siens en welkom (Ds David Barnard)
- Ble 4-5 **Op die kerkwerf**
  Die Raad vir Gesinsorg (Ds Etienne Fourie)
  Waar staan ons met kategese? (Dr Hannes Beukes)
  Bybelvasvra 2009 (Ds Stephen de Beer)
- Bl 6 **Wat kerknuus aanbetref**
  Gereformeerde Kerke en vroue in die amp (Prof Piet Geyser)
  Gereformeerde identiteit wêreldwyd (Ds Schalk Kok)
- Bl 7 **Gespreksforum**
  Val die domino's so? (Prof Piet Geyser)
  Die Skrif én die belydenisse (Lesersbrief)
- Agterblad **Oordenking**
  Wees lig vir die wêreld en sout vir die aarde! (Ds Eksteen Botes)

Tot siens en welkom

Ds David Barnard, voorsitter van die redaksie, groet die uittredende redakteur en verwelkom die nuwe:

Dit was met waardering maar tog hartseer dat die redaksie in Januarie van prof Piet Geyser afskeid geneem het. Sy leiding by *Die Hervormer* is gekenmerk deur kalmte en nugtere denke, en sy artikels en kommentaar was weldeurdag. Hy het die klem op geloof en die praktiese uitlewing daarvan laat val. Prof Geyser het dit vir elke redaksielid maklik gemaak om ’n sinvolle bydrae te lewer. Sy aanvaarding van emeritaat laat ’n groot leemte in ons midde. Ons bid dat ons hemelse Vader aan prof Geyser en sy vrou, Louise, welverdiende rus sal gee.

Ons is bly om ’n lid van die redaksie, dr Gerhard Lindeque, as redakteur te verwelkom. Die verantwoordelikheid is groot, maar ons is oortuig dat hy die geskikte persoon vir die taak is. Hy het homself in die verlede as uiters bekwame teoloog en skrywer in die Kerk onderskei. Sy innemende persoonlikheid maak dit maklik om in ’n span saam met hom te werk. Die redaksie wil dr Lindeque van ons heelhartige samewerking verseker. Mag ons hemelse Vader sy arbeid in die toekoms steeds seën.

Uit ds Botes se Oordenking:

Lig vir die wêreld en sout vir die aarde

Ek is die lig vir die wêreld. Wie My volg, sal nooit in die duisternis lewe nie, maar sal die lig hê wat lewe gee.
(Joh 8: 12)

Lig is simbool van lewe, redding en vreugde, teenoor duisternis wat simbool is van ellende en verlorenheid.

Ons leef as gelowiges na die Kerstyd in die lig van God wat in en deur Jesus Christus sigbaar geword het. Jesus sê immers in Matteus 5 vir sy volgelinge: *Julle is die sout vir die aarde* en *Julle is die lig vir die wêreld.* Daarom moet elkeen van ons en elke gemeente van die kerk van Jesus Chrustus haarself afvra: Hoe laat ek en ons die lig van die heerlikheid van God in die wêreld skyn?

In die tyd en in die wêreld waarin ons leef, is dit in baie mense se lewens pikdonker. Vir baie is die toekoms totaal en al duister en sonder hoop. Swaarkry en hartseer en ellende verdring die lig van vreugde en vrede. Politieke onsekerheid en verdrukking en lyding onder waansinnige regeerders laat mense moed opgee vir die toekoms.

Maar die kerk, ons as gelowiges en ons gemeentes, het die roeping om die lig van God se liefde en barmhartigheid in die wêreld te laat skyn. Dit is immers wat Jesus Christus ons kom leer het tydens sy aardse lewe! Ons kan en moet met ons optrede die duisternis in die wêreld en in mense se lewens verdryf.

Dalk lyk die taak vir ons onhanteerbaar groot, maar die duisternis kon nog nooit die lig oorweldig nie! As elke gelowige en elke gemeente die lig van die liefde van God teenoor bejaardes, siekes, behoeftiges, kinders, moedelose en hooplose mense, ja, teenoor alle sondaars soos onsself laat skyn, sal die menswording van Jesus Christus wat ons met Kersfees gevier het, sin en betekenis hê lank nadat die Kersliggies afgehaal en weggebêre is!